**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG
(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

- Al VIER afdelings is VERPLIGTEND.
- NOMMER jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN vooraf deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Nommer al die antwoorde vir hierdie afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen antwoorde.

Lees die onderstaande tekste aandagtig deur en beantwoord die vrae by elke teks.

### DOOIE HOUT IS ALLESBEHALWE DOOIE HOUT

**1** Die hardekool is seker een van die Bosveld se bekendste kenmerke. Die loodgrys stamme staan op plase waar ossewaens meer as 100 jaar terug onder hul blaredakke skuiling gevind het.

**2** Die hout is ongelooflik hard. Soms wanneer mens in die nag in die bos wandel, sien jy ? rooi gloed in ? gevalle hardekool waar die vorige seisoen se veldbrand nog ? bietjie lewe. Vir ? braaivleisvuur is die stompies uitstekend en vir die braaiplek of ? trekpaal vir die wildheining is daar seker niks beter nie.

**3** Die boom se geweldig harde hout en feitlik onvernietigbare tekstuur verleen aan hom amper snobstatus. Dit is juis dié status wat nou die spesie se agteruitgang meebring. Waar stedelinge in die Bosveld kuier, sien hulle die stompe as ankers en steunpilare vir die grasdak en begin dan rondsnuffel na ? paar vir die lapa by die huis. Skielik ontstaan ? mark vir sulke stompe en wanneer die dooie bome opgebruik is, word lewendes waarskynlik afgekap.

**4** Ontwikkeling moet plaasvind, maar ook moet bewaring geskied. Bewaring is nie net die beskerming van die lewende organismes nie, maar ook hul ondersteuningsbasis – ook die dooie hardekoolstomp in die veld wat ? tuiste aan ? koggelmander of houtkapper verskaf.

**5** Dis so maklik om die dooie hout te beskou as iets wat geen waarde het nie. ? Dooie stomp het egter ? hele mikro-ekologie. Onder die bas en in die krake leef die skerpioen, terwyl die slang onder die stomp skuil. Die rysmiere vreet die dooie hout en neem dit diep onder die aarde in om hul sampioenplase te bemes. Vir die meerkatfamilie dien die stomp as uitkykpos, en die muskejaatkat vang in die nag die torre wat daar rondhang.

**6** Wanneer die byl of kettingsaag die hardekool se lewe beëindig, gaan meer as net die hardekool tot niet. Snags is die skopsuil se uitkykpunt juis die dunner takke. In die warm tye van die dag rus die witrugaasvoël daar. Die likkewaan sal laatoggend teen die growwe stam uitklim om in die laer takke te gaan lê. Die vlakvark kom skuur ? jeukplekkie teen die stam en smiddae verskaf die boom ? lafenis vir die jagter.

**7** Onlangs sê iemand vir my dat my jagtery in die moderne samelewing as onaanvaarbaar beskou word omdat dit gewelddadig is. Beslis is die doodmaak van enige lewende dier iets wat nie maklik aanvaarbaar gemaak kan word nie. Maar dieselfde mense wat só sê, sit in ? huis waar die kroegtoonbank van minstens tien waterboekenhoutbome gemaak is. In die lapa is al die stompe wat die grasdak steun hardekool. Die vuur in die aand waar amper ? halfton hout verbrand word, is van hardekool. Die meubels is van kiaat sonder enige spinthout.

**8** Dink mooi. Ek het verlede jaar twee rooibokke gejag. Die huis van die kritici het die nes van die witkruissperwer en die witwanguil se boom as steunpilare vir die lapa. Waar die vuur brand, draai die rokie van die akkedis en die skerpioen is vrekgeslaan voordat hy kon wegkruip. Toe die hout in die veld gesleep is, het die stomp die bobbejaanspinnekopwyfie se tonneltjie platgevee en sy is lewend begrawe. Die breëkoparend moes desnoods ? ander boom gaan soek om in te sit, want syne staan nou onder ? grasdak 300 km suid. Word wakker!

- *Dr. Gerhard Verdoorn is ? direkteur van BirdLife Suid-Afrika.*

**(Uit: *Beeld*, 9 April 2005)**

1.1 Volgens paragraaf 1 is die hardekool een van die Bosveld se bekendste kenmerke. Waarop baseer die skrywer hierdie stelling? (1)

1.2 Waarop dui **gevalle** in paragraaf 2 wat betref die hardekool? (1)

1.3 Die skrywer verwys in paragraaf 3 na die hardekool se **snobstatus**.

1.3.1 Wat is ? **snob**? (1)

1.3.2 Noem TWEE dinge wat van die hardekool ? snob maak. (2)

1.4 Verduidelik die ironie in **… juis dié status wat nou die spesie se agteruitgang meebring** in paragraaf 3. (2)

1.5 Sê in jou eie woorde in een sin waaraan die hardekool se agteruitgang te wyte is. (1)

1.6 **Skielik ontstaan ? mark vir sulke stompe …** (par. 3)

1.6.1 Wanneer is daar ? **mark** vir iets? (1)

1.6.2 Waarom het daar ? mark vir hardekoolstompe ontstaan? (1)

1.7 Die skrywer is van mening dat die hardekool, **afgekap** of **lewendig**, baie waardevol is (par. 5 en 6). Watter redes voer hy aan ter verdediging van sy standpunt? Noem TWEE. (2)

1.8 Die kern van paragraaf 7 berus op ? teenstelling. Verduidelik. (2)

1.9 Hoe probeer die skrywer die feit dat hy gekritiseer word oor hy jag in paragraaf 7, regverdig? (1)

1.10 Watter afleiding maak jy rakende die lot van die akkedis in paragraaf 8? (1)

1.11 **Die huis van die kritici …** (par. 8) Waarna word hier verwys? (1)

1.12 Wat probeer die skrywer bereik met die kort tweewoordsin aan die begin van die laaste paragraaf? (1)

1.13 Die artikel word afgesluit met ? uitroep. Lees paragraaf 8 en verduidelik wat die skrywer met hierdie uitroep bedoel. (2)

1.14 Hoe dra die feit dat dr. Verdoorn ? direkteur van BirdLife Suid-Afrika is by tot die geloofwaardigheid van hierdie artikel? (2)

**(22)**

## UIT–MUNT–END

**1** Suid-Afrikaners kan tevrede voel met die nuwe R5-munt, wat vandeesweek bekend gestel is en Maandag in omloop kom.

**2** Met sy twee metale van verskillende kleure is dit ? interessante en aantreklike munt, waaroor versamelaars blykbaar heel opgewonde is.

**3** Die vernaamste rede vir die nuwe ontwerp is om die lewe moeiliker te maak vir vervalsers, wat die vorige munt blykbaar maklik met welslae nageboots het.

**4** Dit is jammer dat mnr. Tito Mboweni, president van die Reserwebank, waaronder die Munt val, niks wou sê oor die skade wat die land gely het weens die vervalsings nie. Dit sou interessant wees om die skade te vergelyk met die koste van die nuwe R5.

**5** Maar terwyl die Munt nou sy vermoë gewys het om ? aantreklike en hopelik veilige R5 te munt, kan die owerheid dit gerus oorweeg om ook die land se dikwels vuil en gehawende R10-note deur skoner – en veilige – R10-munte te vervang.

(Redaksionele kommentaar uit: ***Beeld***, 28 Julie 2004)

1.15 Die skryfwyse van die opskrif trek onmiddellik die aandag van die leser. Verduidelik die woordspeling in die opskrif. Verwys spesifiek na TWEE aspekte. (2)

1.16 Skryf ? frase uit paragraaf 3 neer wat daarop dui dat vervalsers daarin geslaag het om die vorige R5-munt te vervals. (1)

1.17 Wat is die verband tussen paragraaf 4 en 5? Skryf slegs die korrekte antwoord neer:

1.17.1 Aaneenskakelend

1.17.2 Teenstellend

1.17.3 Redegewend (1)

1.18 ? Kenmerk van redaksionele kommentaar is dat die skrywer daarvan gewoonlik subjektief is in sy / haar uitsprake. Bewys uit paragraaf 1 OF paragraaf 5 dat dit in hierdie teks ook die geval is. (1)

**(5)**




(Uit: ***Beeld***, **21 Desember 2004)**

1.19 Hoe aktueel is die probleem wat in die spotprent uitgebeeld word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.20 Wat suggereer die ma se woorde **Dis nou lekker vakansiepret** oor haar houding teenoor die probleem? (1)

1.21 Watter funksie verrig die ***Beeld***-voorblad, onder in die middel, in hierdie spotprent? (1)

**(3)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

AFDELING B

**PRÉCIS**

**VRAAG 2**

In die artikel **Begin jou loopbaan met beplanning** word daar wenke vir suksesvolle loopbaanbeplanning gegee. Lees die artikel deur en maak dan ? précis van die wenke in 80 woorde. **[10]**

**LET WEL**:

- Telegramstyl is onaanvaarbaar.
- Jou antwoord moet in EEN paragraaf aangebied word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Dui die totale getal woorde onder jou stuk aan.

## BEGIN JOU LOOPBAAN MET BEPLANNING

? Suksesvolle loopbaan moet van meet af aan beplan word. Sukses val nie net in ? mens se skoot nie, maar deur sorgvuldige beplanning kan jy seker maak dat dit jou deel word.

**Stel doelwitte**

In die vroeë stadiums van loopbaanbeplanning is dit nodig om doelwitte te stel wat jou motiveer om die hoogste sport te bereik. Kyk na die groot prentjie, maar stel eers kleiner doelwitte wat jy vinnig kan bereik.

Dié klein suksesse sal jou vir volgende stappe motiveer. As jy te hoog mik, kan jy dalk misluk en moed verloor.

Dit is belangrik dat jou loopbaandoelwitte in pas is met jou mikpunte vir jou persoonlike lewe omdat die twee baie nou saamloop en later spanning kan veroorsaak as jy dit nie goed deurdink het nie.

Skryf jou kort- en langtermyndoelwitte neer en breek jou langtermyndoelwitte op in kleiner, makliker haalbare stappe. Op dié manier behaal jy ? reeks klein suksesse wat jou selfvertroue sal gee en verder motiveer.

**Doelwitte word werklikheid**

As alles goed gaan, bereik jy ? stadium waarin jou doelwitte in realiteit verander. Jy moet egter jou drome steun deur ? gesonde dosis realisme.

As jy byvoorbeeld ? marine-bioloog wil word, probeer om marinenavorsingsentrums, omgewingsinstellings en akwariums te besoek. Maak jou tuis in die omgewing waarin jy eendag wil werk.

Doen ook navorsing in boeke, tydkskrifte en op die internet. Lees oor mense en hul loopbane en vind uit hoekom dit vir hulle lekker is en waarom hulle op die loopbane besluit het.

Ontwikkel ? passie vir wat jy wil doen. Dit gee jou selfvertroue en laat jou vorentoe beweeg sonder om te huiwer en deur vrees oorval te word.

**Netwerk, netwerk, netwerk**

Om ? netwerk op te bou, beteken om kontak te maak met mense wat in dieselfde bedryf as jy werk.

Dit behels die smee van stewige bande en wedersyds voordelige vriendskappe met eweknieë in die bedryf wat soortgelyke loopbaandoelwitte nastreef.

Deur ander in te lig oor jou bedrywighede, maak jy dit vir hulle moontlik om dié inligting verder te versprei na ander mense wat op hulle beurt dalk weer vir jou verdere loopbaangeleenthede beskikbaar kan maak.

b.o.

Die verhoudings wat jy so met ander opbou, kan jou ook in slegte tye, wanneer jy ondersteuning en raad nodig het om struikelblokke te oorkom, goed te staan kom.

Laastens kan jy probeer om geleenthede by te woon wat regstreeks met jou gekose beroep verband hou. Daar sal jy ander mense met dieselfde belange as jy raakloop wat in die toekoms dalk ? belangrike rol in jou loopbaan kan speel.

**(Uit: *Rapport Loopbane*, 2 April 2005)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

- ALLE vrae moet beantwoord word.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- Laat reëls oop tussen jou antwoorde.

Beantwoord al die vrae wat op die onderstaande tekste gebaseer is.

# WRAAK VAN DIE NERDS

### HOEKOM VIR BILL GATES ’N SPUL GELD BETAAL AS JY DIESELFDE SOORT PROGRAMME GRATIS KAN KRY?

In die wêreld van alledaagse rekenaargebruikers (klein en middelslag-ondernemings inkluis) is daar drie soorte programmatuur: die duur soort (gewoonlik gemaak deur Microsoft), die onwettig gekopieerde soort – en oopbronprogrammatuur.

Dis tegnies verkeerd om oopbronprogrammatuur “gratis” programmatuur te noem, maar dis baie na daaraan. Dit spruit uit twee denkrigtings. Een is ? diepgesetelde sosialisme in Europa wat ongemaklik voel met mense wat stinkryk word uit daaglikse noodsaaklikhede, en persoonlike rekenaars word al lank beskou as ? noodsaaklikheid. Hoekom moet ek ? klomp geld aan ? Amerikaner in Seattle (Bill Gates) gee net sodat my rekenaar (wat ek ten duurste gekoop het) aan die gang geskop kan word (deur Windows) sodat ek aanlynbanksake kan doen (wat die bank ? klomp geld kan spaar) en aan my ouma ? brief kan skryf?

Dié irritasie raak natuurlik erger elke keer as die ryk Amerikaner in Seattle ? nuwe bedryfstelsel op die mark plaas (wat ek vir nóg meer geld moet koop) en die oue word nie meer ondersteun nie. Rekenaars is so deel van die moderne samelewing dat ? mens nie meer daarsonder kan leef nie. En om hulle te kan gebruik, moet ek gereeld vir Bill Gates geld gee.

Die tweede denkrigting is dat die *nerds* wat die wêreld van die rekenaar aan die gang hou, ? sagte plekkie vir gratis programmatuur het. Hulle is amper soos die werktuigkundige op ? plattelandse dorpie wat homself nie kan help om stil te hou by oom Gawie wat al weer in sy motortjie gaan staan het nie. Uit kom die skroewedraaiers en gou loop oom Gawie se kar weer. Geen rekening nie. Die werktuigkundige se beloning is die bevrediging dat hy goed met enjins is en iemand wat hy ken, gehelp het.

Die *nerds* van die rekenaarwêreld is ? formidabele steunbasis. Hulle is in alle lande. Hulle dink nie Bill Gates se stelsels is baie goed nie. Hulle is nie geldmakers nie, maar intellektuele wat graag probleme oplos. Oopbronprogramme bied hulle die kans om hul vaardigheid aan mekaar en die wêreld te vertoon, om probleme op te los en ? teenpool te wees vir die grys pakke op die boonste verdiepings wat balansstate verstaan en geld maak, maar nie e-pos kan opstel nie.

**(Uit: *Insig*, Mei 2005)**

3.1 Herskryf die subtitel van die teks **Hoekom vir Bill Gates ? spul geld betaal as jy dieselfde soort programme gratis kan kry?** as ? stelsin in die ontkennende vorm. Begin jou antwoorde met **Moenie …** (1)

3.2 Gee ? woord met dieselfde betekenis (sinoniem) vir **inkluis** in reël 2. (1)

3.3 In reël 1 – 4 is daar ? leesteken wat met gemak weggelaat kan word. Watter leesteken is dit? (1)

3.4 Van watter oorspronklike woord is **gekopieerde** in reël 3 afgelei? (1)

3.5 Vir die onwettige (kopieer) van programmatuur kan jy tronkstraf opgelê word. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.6 Gebruik **spruit** in reël 5 in ? sin in ? ander betekenis as in die teks. (1)

3.7 Gee ? alternatiewe meervoudsvorm vir **rigtings** in reël 5. (1)

3.8 Volgens reël 6 voel (mense wat in Europa woon) ongemaklik met mense wat ryk word uit daaglikse noodsaaklikhede. Vervang die frase tussen hakies met EEN woord. (1)

3.9 In reël 6 word **stinkryk** gebruik om die intensiteit van ryk aan te dui.

3.9.1 Gee die korrekte vorm vir die intensiewe vorm van **ryk**. (1)

3.9.2 Dui ook die intensiewe vorm van **helder** aan. (1)

3.10 Vervang **geskop** in reël 9 met ? beter term. (1)

3.11 Die skrywer van die teks raak (irritasie) wanneer Bill Gates ? nuwe rekenaarbedryfstelsel op die mark plaas (reël 12). Gee die korrekte afgeleide vorm van **irritasie**. (1)

3.12 Vervang **elke keer** in reël 12 met EEN woord wat dieselfde beteken. (1)

3.13 **Die tweede denkrigting is dat die *nerds* wat die wêreld van die rekenaar aan die gang hou, ? sagte plekkie vir gratis programmatuur het** (reël 17 – 18).

3.13.1 Waarna verwys die kursiefgedrukte ***nerds*** in bostaande aanhaling? (1)

3.13.2 Wat beteken dit om **? sagte plekkie** vir iets te hê? (1)

3.14 Watter gevoelswaarde word oorgedra deur die gebruik van **motortjie** in reël 20? (1)

3.15 **Geen rekening nie** (reël 21) is nie ? volledige sin nie. Herskryf dit sodat dit ? sin is. (1)

3.16 Alhoewel die ou (3.16.1) **(beloning)** wat die werktuigkundige kry maar baie klein is, is dit tog (3.16.2) **(bevrediging)**. Gee die korrekte vorme van die woorde tussen hakies. (2)

3.17 Vervang die frase **… iemand wat hy ken …** (reël 22) deur EEN woord. (1)

3.18 Die teks bevat saamgevoegde woorde soos **rekenaarwêreld** en **steunbasis** in reël 23. Voeg die volgende woorde tussen hakies ook saam:
Die rekenaarwêreld steun (groot + deel) op die *nerds*. (1)

3.19 Dui deur middel van ? akuutaksent aan waar die klem sal val by die uitspreek van **formidabele** in reël 23. (1)

3.20 Skryf die sin in reël 24 **Hulle dink nie Bill Gates se stelsels is baie goed nie** in sy geheel oor in die verlede tyd. (1)

3.21 Deur **aan mekaar** in reël 26 as EEN woord te skryf, verander jy die betekenis daarvan. Maak ? sin met **aanmekaar** sodat die betekenis daarvan duidelik blyk. (1)

3.22 Waarna verwys **grys pakke** in reël 27? (1)
**(25)**

## ‘MOENIE TE LANK OORSEE VERTOEF, SA JEUG’

George. – Suid-Afrika het die intellektuele vaardighede van sy jeug nodig. Om langer as twee jaar in die buiteland te vertoef ná skool of verdere studie is hopeloos te lank, het die minister van onderwys, me. Naledi Pandor, gesê.

“Ons land het julle nodig om ? positiewe bydrae tot die land te lewer en as julle sou besluit om jul lewe aan Brittanje te wy, is dit nie ? positiewe bydrae nie,” het Pandor gesê terwyl sy leerlinge van die York High School toegespreek het.

Pandor en mnr. Cameron Dugmore, Wes-Kaapse LUR vir onderwys, het verskeie skole in George besoek.

Met verwysing na talle jong Suid-Afrikaners wat deesdae ? sogenaamde oorgangsjaar tussen hul skool en hul verdere studie gebruik om oorsee te reis of te werk, het Pandor gesê die oorgangsjaar is nie noodwendig ? slegte ding nie. Dit is positief om vir ? tydperk van ? jaar, of hoogstens twee, oorsee te gaan om ? vaardigheid soos ? nuwe taal te leer. Enige langer tydperk sal egter nie as positief gesien word nie en die regering kan nie mense ondersteun wat dit doen nie, het Pandor gesê.

Volgens haar is die breinkrag en die vaardighede van die jeug nodig om met die heropbou en ontwikkeling van Suid-Afrika te help en van die land ? plek te maak wat op sy eie voete kan staan en ? volwaardige plek tussen ander lande kan inneem.
“Die land het ? baie goeie rede om optimisties te wees en die rede is julle, die jeug.”

**(Uit: *Beeld*, 25 Jan. 2005)**

3.23 Gee die afkortings vir (3.23.1) **minister** in reël 3 en (3.23.2) **sogenaamde** in reël 9. (2)

3.24 **intellektuele** (reël 1) is ? afleiding gevorm van intellek. Vorm telkens die korrekte afleiding van die woorde tussen hakies.

3.24.1 Die (kolos) olifante stap rustig die bosse in. (1)

3.24.2 Sy (finansies) probleme besorg hom slapelose nagte. (1)

3.25 Wanneer ? Suid-Afrikaner uiteindelik burgerskap in Brittanje verkry, word hy ? (iemand wat in Brittanje woon). Gee EEN woord vir die omskrywing tussen hakies. (1)

3.26 Die Suid-Afrikaners wat in Brittanje woon, is vir ons wat steeds in Suid-Afrika is (immigrante / emigrante). Kies die korrekte woord tussen hakies. (1)

3.27 **Bydrae** (reël 4) en **bydra** is twee woorde wat dikwels verwar word wanneer hulle geskryf word en word dan verkeerd in sinne gebruik. Maak ? sin met **bydra** waarin die betekenis duidelik na vore kom. (1)

3.28 **Wy** (reël 5) en **wei** is ook twee woorde wat dikwels met mekaar verwar word. Maak ? sin met **wei**. (1)

3.29 In **Met verwysing na** (reël 9) is **na** ? voorsetsel.

Voltooi die volgende uitdrukkings deur die ontbrekende voorsetsels in te vul:

3.29.1 Moenie ___ jou beterwete die verkeerde besluit neem nie. (1)

3.29.2 Jy moet jou onderwerp ___ die gesag van die skool. (1)

3.30 Volgens me. Pandor moet die Suid-Afrikaanse jeug hulle (oorsee) reise inkort (reël 12). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.31 Gee ? woord met die teenoorgestelde betekenis (antoniem) as **hoogstens** in reël 12. (1)

3.32 Die uitdrukking **op eie voete** staan in reël 16 – 17 beteken om vir jouself te kan sorg / jou eie ding te kan doen. Wat beteken die volgende uitdrukkings waarin die woord voete ook voorkom:

3.32.1 Hy val oor sy eie voete. (1)

3.32.2 Jou uit die voete maak. (1)

3.33 Hoe sal jy die woorde van minister Pandor in reël 18 aan iemand anders oordra? (Moenie weer die jeug in jou antwoord gebruik nie.) Begin jou antwoord met **Minister Pandor sê aan die jeug …** (1)

**(15)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

AFDELING D
**TAALVERSORGING**

**VRAAG 4**

- In hierdie afdeling moet jy taalfoute korrigeer.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- Voer opdragte uit presies soos die vraag aandui.

## RETRO

**1** Retro. Daar's daai woord weer. Dis deesdae vreeslik in die mode, en al wie ? fashionista is pronk soos volstruise in retro vere.

**2** Maar wat is dit Die pelsjas wat jou ouma sin was? Die inhoud van jou ma se geelhoutkis? Enigiets wat jy in ? charity shop koop?

**3** Die antwoord is ja én nee. Retro is meer ? verwysingspunt vir jou modereis. Dit is amper ? tipe respek en erkenning van goed wat jare gelede supercool was, en steeds is. Natuurlik het al dié goed eers cool geword nadat die massamedia dit so gemaak het. Daarom verwys retro-artikels dikwels na cool mense en plekke van die 1950's opwaarts.

**4** Maar hokaai: was daar enigiets cool in die 80's, 70's, 60's en 50's? Was alles nie net oud en boring nie? Amper reg, veral oor die 80's. Baie van dit was gemors, en ons is gelukkig om ontslae te wees daarvan. Maar daar was ook sekere stylikone: mense en plekke wat die res van ons geleer het wat styl is. Mense en plekke wat so cool is dat ons steeds die plakkate koop vandag.

**5** Die ding is, ons laaik ons helde nie oor hoe hulle lyk of klink nie, maar omdat hulle nie boring en "normaal" is nie. Hulle benadering tot die wêreld is vir ons ? inspireer, hulle doen hulle eie ding en ons is mal daaroor. Ons wil net soos hulle wees. En hopelik, as ons soos hulle aantrek of optree, sal ? bietjie van hulle aan ons afsmeer.

**6** Hoe beinvloed dit alles jou klerekas? Moet jy dadelik na ou motballetjies begin ruik? Nee wat. Onthou oud is nie altyd retro nie, net partykeer. Retro kan ook nuwe artiekels wees wat ontwerp is om soos iets oud te lyk, of iets moderns met retro-ontwerpelemente in.

**7** Gebruik retro om jou basiese klerekas op te spice. Byvoorbeeld, trek jou gewone Vrydagaand-partie outfit aan, en gaan staan voor die spieël. Speel nou rond met goed soos serpe, French berets, krale of plastiekhangertjies, handsakke, belde en skoene. Of koop hemde met sirkelmotiewe in kleure soos bruin, oranje of lemmetjiegroen. Yslike *hoop* oorbelle is so 70's – maar ouens moet dit eerder vermei.

**8** Goed wat jy egter nie moet doen nie: moenie die verskillende era's meng nie. Bly verkieslik in een eeu: 50's, 60's, 70's of 80's. Moet dit ook nie oordoen nie, tensy jy op pad is na ? fancy dress paartie.

**9** Maar die belangrikste: moenie bang wees nie om iets nuuts te probeer nie. Dalk gee dit jou oor 20 jaar iets om jou ? bolletjie oor te lag in jou foto-album!

**(Uit: *Jip*, Bylae tot *Beeld*, 7 Maart 2005)**

Let wel : As daar ? **frase** gevra word, moet daar ? **frase** gegee word!

4.1 In paragraaf 1 is ? foutiewe voornaamwoord gebruik. Skryf die frase waarin die woord verskyn oor met die korrekte woord. (1)

4.2 Die uitdrukking **pronk soos perde** in paragraaf 1 is nie heeltemal korrek nie. Hoe moet die uitdrukking lui? (1)

4.3 In paragraaf 1 en 2 ontbreek telkens ? leesteken. Dui die leesteken aan op die presiese plek waar dit ontbreek. (2)

4.4 **sin** in paragraaf 2 is foutief. Gee die korrekte vorm. (1)

4.5 Die teks bevat ? aantal Engelse woorde waarvoor daar definitief goeie Afrikaanse weergawes bestaan. Gee die korrekte Afrikaans vir:

4.5.1 *charity shop* (par. 2)

4.5.2 *boring* (par. 4)

4.5.3 *spice* (par. 7) (3)

4.6 Vervang **hokaai** in paragraaf 4 met ? beter woord / frase. (1)

4.7 **van dit** in paragraaf 4 getuig nie van goeie taalgebruik nie. Wat moet dit wees? (1)

4.8 Verbeter die woordordefout in paragraaf 4. (1)

4.9 In paragraaf 5 is ? woord gebruik waarvan die vorm nie korrek is nie. Skryf die korrekte vorm van die woord neer sodat die sin taalkundig korrek is. (1)

4.10 Vervang **mal daaroor** in paragraaf 5 met ? beter uitdrukking. (1)

4.11 ? Skryfteken ontbreek in paragraaf 6. Skryf die woord korrek neer. (1)

4.12 Daar ontbreek ook ? dubbelpunt in paragraaf 6. Dui aan waar. (1)

4.13 In paragraaf 9 is ? ontkenningsfout gemaak. Skryf die hele frase waarin die ontkenning voorkom korrek neer. (1)

4.14 Die uitdrukking in die laaste sin van die teks bevat ? fout. Skryf die uitdrukking korrek neer. (1)

4.15 Benewens al die foute wat jy reeds in die teks gekorrigeer het, is daar nog DRIE spelfoute begaan in paragraaf 6 – 8. Identifiseer die woorde en skryf hulle korrek neer. (3)

**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [20]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**